

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> 1 JOHANNES 1 - 3
----------	---

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (1 Johannes 1 - 3). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) <i>[CHRISTELIKE OUERSKAP]</i> (5) SPREUKE 13:24
----------	--

Repeteer/Herhaal twee- twee.

(5) Liefhê deur tug: Spreuke 13:24. “Wie sy seun nie straf nie, het hom nie lief nie; as hy hom liefhet, sal hy hom straf wanneer dit nodig is.”

4	ONDERRIG (85 minute) <i>[KERK HERSTELLENDEN BEDIENTINGS]</i> EGSKEIDING EN HERTROU
----------	---

Inleiding. Hierdie onderrig gaan oor egskeiding en hertrou. Ons gaan ontdek wat die Bybel leer oor egskeiding. Ons gaan die woorde ‘egbreuk’ en ‘seksuele immoraliteit’ bestudeer. Ons gaan kyk na die moontlikheid om ná ’n egskeiding weer te trou.

In Maleagi 2:16 staan daar: “Die Here die God van Israel sê Hy haat egskeiding. Egskeiding is niks anders as geweld nie, sê die Here die Almagtige. Beheers julle, moenie ontrou wees nie”. God beskou egskeiding as ’n daad van geweld teen die huweliksmaat en Hy haat dit! Jesus Christus het geleer: “Ek sê vir julle: Elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor owerspel, en met ’n ander een trou, pleeg egbreuk” (Matteus 19:9). “Elkeen wat van sy vrou skei en met ’n ander een trou, pleeg egbreuk teen sy vrou. En as ’n vrou van haar man skei en met ’n ander een trou, pleeg sy egbreuk.” (Markus 10:11-12).

Dus, as gevolg van die sonde en die gebrokenheid van die mensdom, staan die Bybel drie redes toe vir egskeiding:

- vir fisiese redes: seksuele immoraliteit en geweld (Matteus 19:8-9) (Matteus 19:8-9)
- vir geestelike redes: geestelike immoraliteit (afgodery, valse godsdiens)
- vir sosiale redes: geestelike onverenigbaarheid (geen harmonie as gevolg van die feit dat één van die egpaar nie ’n Christen is nie) (1 Korintiërs 7:12-16)

A. DIE ONDERRIG UIT DIE OU TESTAMENT OOR EGSKEIDING

Die Ou Testament veroordeel egskeiding, maar laat tog onder bepaalde omstandighede egskeiding toe.

1. Die burgerlike wet van die volkstaat Israel.

Lees Deuteronomium 22:13-19, 28-29; 24:1-4; Matteus 19:8

Ontdek en bespreek. Wat was enkele algemene wette van die volkstaat Israel oor seksuele immoraliteit en egskeiding?

Aantekeninge. Hierdie wette in Deuteronomium was ’n onderafdeling van die gewone reg in Israel en ook van die gewone reg van die lande rondom Israel. Maar die manier waarop hierdie wette opgeneem is in die burgerlike reg van die volkstaat Israel en in die Ou Testament opgeneem is, dui aan dat hulle gesuiwer is van hulle heidense elemente en dat hulle noukeuriger en meer korrek omskryf is as *wette wat die maatskaplike verhoudings in Israel, wat die volk van God was, sou moes bepaal.*

Ook al het *mans* in die Ou-Testamentiese tyd in die hele wêreld groter vryheid as *vrouens* gehad en baie van hulle van hul vrouens ‘vir allerhande redes’ geskei het (Matteus 19:3), het hierdie algemene burgerlike wette hulle wetlike vryheid beperk.

(1) Verbode om te skei.

In Deuteronomium 22 moes 'n eggenoot wat sy vrou valslik beskuldig het dat sy nie 'n maagd was toe hulle getrou het nie, 'n baie groot boete betaal en was hy verbied om van haar te skei. En 'n man, wat 'n ongetroude meisie verkrag het, moes ook 'n baie groot boete betaal en is hy gedwing om met haar te trou. Ook hy is verbied om van haar te skei.

(2) Verbode om te hertrou

Net so was dit in Deuteronomium 24:1-4, verbode vir 'n man, wat van sy vrou geskei was, om met haar te hertrou as sy intussentyd 'n tweede keer getroud was met 'n ander man. Die rede vir hierdie verbod om met haar te hertrou kon nie haar *seremoniële onreinheid* wees nie, want dit duur net tot die aand (Levitikus 15:18). Sy was nie voortdurend onrein nie, want dit was aan 'n ander man vergun om met haar te trou. Die rede vir die verbod om te hertrou was *etiese ontheiliging*: Die daad van die eerste man sou in die oë van God skandalig wees en dit sou sonde oor die land bring. God het gesê dat so 'n daad 'n bedreiging van die heiligheid van die Bybelse huweliksverhouding is.

Volgens Jesus het Moses nie saamgestem met egskreiding nie, maar het hy egskreiding toegestaan ten einde 'n slegte daad wat alreeds in Israel bestaan het, te reguleer. As jy die verse in Deuteronomium 24:1-4 as 'n eenheid beskou, dan ontmoedig dit beslis egskreiding.

2. Die tradisionele interpretasies van die burgerlike reg deur die Jode in Jesus se tyd op aarde.

Lees Deuteronomium 24:1.

Die algemene wet in Israel het bepaal dat 'n man van sy vrou kon skei as “*hy iets onbetaamliks aan haar gevind het.*”

Vraag. Wat beteken die ‘iets onbetaamliks’ (AOV ‘skandelijs’) (Hebreeus: erwath dabar) in die Ou Testament?

Onderrig. Deuteronomium 24:1, 4 sê: “Wanneer 'n man met 'n vrou trou, kan dit gebeur dat hy haar nie meer liefhet nie omdat hy *iets onbetaamliks aan haar gevind het*. Dan mag hy 'n skeibrief skryf en dit vir haar gee en haar uit sy huis uit wegstuur. ... Haar eerste man wat haar weggestuur het, mag nie weer met haar trou nie. Sy is verontreinig ...”

Die Skrifgeleerdes en Fariseërs in Israel was altyd aan die debatteer oor die moontlike redes vir egskreiding. Hulle het hulle menings gebaseer op die menings van die manne (rabbi's) wat jare voor hulle geleef het. Die twee belangrikste strominge onder die Jode het baie uiteenlopende menings oor die betekenis van die woorde ‘iets onbetaamliks/skandelijs’ gehad.

(1) Die aanhangers van Hillel (50 v.C. – 10 n.C.).

Volgens die aanhangers van Hillel was die betekenis van ‘iets skandelijs’ *alles wat walglik was vir die eggenoot of waarvan hy nie gehou het nie* (Matteus 19:3). Binne hierdie stroom van denke was skeiding toegestaan vir byna enige rede onder die son. As die vrou 'n klein liggaamlike afwyking gehad het, of as sy vir hom lelik was en die man het 'n ander vrou gevind het wat vir hom mooier was, dan kon hy van sy vrou skei. Dit het beteken dat, binne hierdie stroom van denke, egskreiding toegestaan is vir die belaglikste redes. 'n Man kon byvoorbeeld sy vrou verwerp as sy aan hom 'n ete voorsit wat liggies verbrand is. Of hy kon van haar skei as sy so hard in die huis gepraat het dat die bure haar kon hoor, ens.

(2) Die aanhangers van Shammai (50 v.C. – 30 n.C.).

Volgens die aanhangers van Shammai was die betekenis van ‘iets skandelijs’ beperk tot *morele perversiteit, sensualiteit, onkuisheid en owerspel*. *Sensualiteit* beteken die oorgee van jouself aan jou gevoel en nie aan die verstand of die gees nie. Dit beteken dat dit gaan oor genotsug of wellus. *Onkuisheid* is die verlies van jou maagdelikheid vóór die huwelik. *Owerspel* is om seksuele gemeenskap te hê met iemand anders as jou huweliksmaat. In beginsel stem Jesus saam met die vertolking van die aanhangers van Shammai.

3. Die korrekte uitleg van hierdie burgerlike wet.

Ontdek en bespreek. Watter redes staan die Ou Testament toe vir egskreiding in die algemene burgerlike wet wat deur Moses opgeteken is?

(1) Egskreiding was nie sommer vir enige rede toegestaan nie en ook nie by owerspel nie.

Lees Deuteronomium 22:20-27.

Aantekeninge. Die woorde ‘iets skandelijs’ kan nie in die eerste plek verwys na owerspel nie, want die persoon wat owerpel gepleeg het moes gedood word (Levitikus 20:10) en nie maar net geskei word nie. Sommige vertalers dink dat die sin ‘iets skandelijs’ verwys na 'n soort siekte, byvoorbeeld 'n velsiekte of 'n liggaamlike gebrek. Maar die sin verwys waarskynlik na 'n meer ernstige rede as die eenvoudige redes waaraan die aanhangers van Hillel aandag gegee het, maar iets minder ernstigs as owerspel.

(2) Egskreiding was toegestaan by “'n gerug oor naaktheid”.

Lees Deuteronomium 24:1.

Aantekeninge. Omdat die letterlike betekenis van die woorde ‘iets skandelijs’ “'n gerug oor naaktheid” is, is die beste betekenis waarskynlik *'n geval van onbehoorlike, aanstootlike of weersinwekkende seksuele gedrag*, soos wellustig wees, seksueel onbehoorlike of onsedelike gedrag, betrokke is by onwettige en seksueel immorele gedrag.

Die gevolgtrekking is dat die Ou Testament egskreiding slegs toestaan in die geval waar daar sprake is van enige vorm van onbehoorlike gedrag wat te make het met naaktheid of seks. Dié betekenis klink baie soos die onderrig wat Jesus in

die Nuwe Testament gegee het, afgesien van die feit dat Jesus gepraat het van onbehoorlike seksuele gedrag van nie net die vrou nie, maar ook van die man!

4. Die onderrig van die profeet Maleagi betreffende huwelik en egskeiding.

Lees Maleagi 2:10-16.

Ontdek en bespreek. Wat dink God oor die huwelik en egskeiding volgens die profeet Maleagi?

Aantekeninge. Egskeiding word in die Ou Testament beslis nie as *normaal* gesien nie. God haat egskeiding! Hy veroordeel nie net die immorele gedrag van *bepaalde vroue* nie, maar Hy veroordeel ook die immorele gedrag van *bepaalde manne* in Israel.

(1) Onwettige huwelik

Sommige ongetroude mans in Israel het die verbond met God verbreek deur te trou met vrouens wat in vreemde gode geglo het (dus: met ongelowiges, nie-Christene). So het hulle *die heiligdom* onheilig, wat nie verwys na 'die tempelgebou' nie, maar na 'Israel wat God se heilige volk' is, 'God se heilige gemeenskap/Gemeente' (vergelyk ook Efesiërs 2:19-22)!

Die straf vir hierdie mans was dat al hulle manlike nageslag uitgesluit sou word van deelname aan die burgerskap van Israel. Hulle was nie toegelaat om as verteenwoordiger of getuie op te tree by saaklike ooreenkomste en juridiese prosedures nie, en hulle is verbied om offers in die tempel te bring.

(2) Onwettige egskeiding

Sommige getroude mans in Israel het hulle huweliksooreenkoms met hulle vrouens verbreek deur hulle vrouens te verstoot of van hulle te skei. As 'n man en 'n vrou in die Bybel getrou het, dan het hulle in die teenwoordigheid van God, as 'die Getuie' gestaan en God het hulle *één* gemaak (Genesis 2:24; Matteus 19:3-6). God is ook 'die Getuie' as 'n man sy vrou verraderlik behandel en van haar skei. God noem die vrou "die vrou van jou jeug", "jou metgesel, vennoot en vriend" en "die vrou van jou verbond" (vers 14).

Deur die huwelik 'n verbond te noem (Hebreeus: berit) verklaar die profeet Maleagi dat die huwelik 'n heilige en onverbreekbare instelling van God is (Maleagi 2:14). Israel was die naam van die gemeenskap van mense in hierdie wêreld wat God vir Homself eenkant gehou het. Die God van die Bybel het sowel die man as die vrou geskep as 'liggaam en gees', omdat Hy op soek was na "goddelike saad of nageslag" (Hebreeus: zera elohim). Dit het ingehou dat God se doel was om 'n heilige volk van God in die wêreld op te bou, 'n gemeenskap van mense in die wêreld wat in die God van die Bybel glo (Maleagi 2:15). God het gewaarsku dat elke man wat ontrou sal handel teenoor sy vrou deur haar te verstoot of van haar te skei, daarmee God se doel met die huwelik, met die gesin en met hulle gemeenskap in hierdie wêreld sou ontter. God haat egskeiding. God noem egskeiding 'n geweldadige misdaad wat net so ernstig is as die misdaad van 'n onregverdige moord (Maleagi 2:16)!

(3) God haat egskeiding, maar Hy is genadig teenoor diegene wat berou het.

God haat egskeiding net soos wat Hy leuens en sondige planne (komplote) haat (Spreuke 6:16-19). Maar ook al haat God egskeiding, hou Hy rekening met die werklikheid van die gevalle mensheid en 'n gebroke wêreld. God is genadig oor dié een wat owerpel gepleeg het en wat berou daarvoor toon, m.a.w., *vir 'n man of vrou wat skuldig is aan egskeiding, maar wat daarna berou toon*. Let op hoe Dawid owerspel gepleeg het (2 Samuel 11) en hoe hy daarvoor berou gehad het (Psalm 51:1-17). En let ook daarop hoe God hom vergewe het, maar hom wel die gevolge van sy owerspel laat dra het (2 Samuel 12:13-14). En God is ook bewoë oor 'die verlate vrou', bedoelende, die vrou wat skuldig bevind was aan 'n egskeiding, maar daarna berou getoon het en aan God vasgehou het (vergelyk ook Jesaja 54:1; 49:19-21).

B. DIE ONDERRIG VAN JESUS OOR EGSKEIDING

1. Hoe het Jesus die huwelik en egskeiding gesien.

Lees Matteus 19:3-9, 1 Korintiërs 7:10-11.

Ontdek en bespreek. Wat is die verskil tussen die benadering van die Jode en die benadering van Jesus m.b.t. die kwessie van huwelik en egskeiding?

Aantekeninge.

(1) Dis nie die Joodse egskeidingsprosedure nie, maar God se huweliksinstelling wat belangrik is.

Vanweë die lakse morele lewe tydens die periode wat Jesus op aarde geleef het, was die Joodse Skrifgeleerdes en Fariseërs veral besig met *die moontlike maniere van egskeiding* in plaas van om besig te wees met God se *huweliksinstelling*. Hulle het geredeneer oor die feit dat as iemand van sy vrou skei en haar wegstuur, hy haar ten minste 'n gepaste skeidingsertifikaat moet saamgee. Hulle het gedink dat 'n stuk papier soos 'n wettige skeidingsdokument die huweliksverbond of die huweliksband in God se oë kon laat verdwyn! Maar hulle was verkeerd! God haat egskeiding en Hy sal manne en vroue wat owerspel pleeg, straf. Die benadering van Jesus was nie om mense in die egskeidingsprosedures te onderrig nie¹, maar juis om die nadruk te lê op die huweliksinstelling van God! Die onderrig

¹ In teenstelling tot egskeidingsmakelaars!

van Jesus Christus oor egskeiding staan nie los van God se huweliksinstelling nie. Die Skrifgeleerdes en Fariseërs het hulle besig gehou met *die uitsonderings in die huwelik*, maar Jesus benadruk *die prinsipiële reël van getroud bly*.

Jesus Christus het opnuut God se huweliksinstelling, wat God ingestel het by die skepping, verwoord (Genesis 2:24). God *gebied* 'n man om sy pa en ma te verlaat, sy vrou aan te hang en één liggaam (letterlik: vlees) met haar te word. Dit is nie sommer 'n historiese omskrywing van wat daar normaalweg plaasvind tussen 'n man en 'n vrou wanneer hulle trou nie, maar dit is 'n gesaghebbende opdrag van God oor wat daar sou moet plaasvind tussen 'n man en 'n vrou wanneer hulle trou. Hierdie voorskrif van God geld vir alle tye en in alle kulture van die wêreld!

Deur Eva na Adam toe te bring het God die vrou in 'n huwelik aan haar man gegee. Deur die man te beveel om sy ouers te verlaat en sy vrou aan te hang het God die man (en die vrou) direk onder sy eie gesag geplaas. God het aan die vrou die verantwoordelikheid gegee om haar man nie te verlaat nie en Hy het aan die man die verantwoordelikheid gegee om altyd sy vrou lief te hê. God het beide verantwoordelik gemaak om één van gees en liggaam te wees. Die vrou moet beseft dat God haar weggegee het in 'n huwelik en die man moet beseft dat God hom die opdrag gegee het om sy vrou te neem en haar aan te hang in 'n huwelik vir die res van hulle lewe.

(2) Die verbreking van die huweliksverbintenisse

deur onwettige egskeiding of deur inmenging van buite af is owerspel.

Daarom het Jesus geleer dat God reeds vanaf die skepping nie egskeiding toelaat nie. Hy het gesê: “Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie” ('n bevel in die onvoltooide teenwoordige tyd en aktiewe vorm). (Matteus 19:6)! Die huwelik in die Bybel beteken niks minder as dat God één man en één vrou saamvoeg in 'n eenheid vir die res van hul-lewe! Egskeiding in die Bybel is nie 'n agterdeur om uit die huwelik weg te vlug nie! As die man of die vrou die huweliksooreenkoms verbreek of as 'n ander persoon hom van buite af in die huwelik inmeng om die huweliksooreenkoms te verbreek, dan is daardie persoon skuldig aan owerspel. Aan die eenkant sondig die skuldige persoon teen God, omdat hy of sy aan God ongehoorsaam is en God se huweliksooreenkoms verbreek. En aan die anderkant doen die skuldige persoon groot sonde teen sy huweliksmaat, omdat hy of sy groot skade en pyn veroorsaak! Jesus noem die skuldige persoon ‘'n owerspelige’. En volgens 1 Korintiërs 6:9-10 sal 'n persoon wat owerspel pleeg en geen berou toon nie, nie in die Koninkryk van God ingaan nie!

2. Wettige redes vir egskeiding.

Lees Matteus 19:9; Matteus 5:31-32.

Ontdek en bespreek. Watter wettige redes volgens Jesus, laat God toe vir egskeiding?

Aantekeninge. In die Nuwe Testament hou God, in die lering van Jesus Christus, ook rekening met die werklikheid van die gevalle mensheid en 'n gebroke wêreld. Ook al veroordeel Jesus owerspel (vergelyk ook Matteus 15:18-19), tog gee Hy geen opdrag aan 'n Christen om van 'n owerspelige persoon te skei nie! In die eerste plek verlang Jesus dat 'n owerspelige man of vrou berou toon oor die sonde (Lukas 7:36-50; Johannes 4:16-18, 29) en verder aangaan met hul huwelik (Matteus 19:6).

Maar in sommige gevalle toon die skuldige party (wat owerspel gepleeg het) geen berou nie en wíl ook nie berou toon nie. In plaas dáárvan gaan hy voort met die seksuele immoraliteit, geestelike (godsdienstige) immoraliteit of gewelddadige handeling in sy huwelik. Hy of sy sou selfs die huweliksmaat kon verlaat om 'n duursame verhouding met iemand anders aan te gaan met wie hy of sy nie getroud is nie (d.i. deur saam te gaan woon). In hierdie situasies *laat* Jesus *dit toe* dat 'n Christen van die owerspelige (die skuldige persoon) skei.

Jesus laat 'n Christen alleen toe om te skei in geval van ‘huweliksontrou’ (owerspel). In Matteus 19:9 sê Hy: “Elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor owerspel (Grieks: porneia) en met 'n ander een trou, pleeg egbreuk (teen sy eerste vrou) (Grieks: moichaó).” In Matteus 5:31-32 leer Hy: “Daar is gesê: ‘Elkeen wat van sy vrou skei, moet aan haar 'n skeibrief gee.’ Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat van sy vrou skei behalwe oor owerspel, maak dat sy egbreuk pleeg (maak/veroorzaak dat sy 'n owerspelige vrou word)²; en iemand wat met die geskeide vrou trou, pleeg ook egbreuk.” Dus Jesus laat dus 'n Christen net toe om te skei in die geval van huweliksontrou.

3. Die betekenis van 'huweliksontrou' (porneia) en 'owerspel' (moicheia).

Vraag. Wat is die betekenis van ‘huweliksontrou’?

Onderrig.

(1) In fisiese sin beteken die woord ‘porneia’ elke vorm van onwettige seksverwante dade.

Lees Levitikus 18:1-6, 20, 22-23; Levitikus 20:10, 13, 15, 17, 23, 26; Deuteronomium 23:17-18.

Seksuele immoraliteit (Grieks: porneia) sluit elke vorm van seksverwante dade in wat God as onwettig beskou. Dit sluit die volgende in: onwettige seksuele *begeertes* (Matteus 5:27-30, 2 Petrus 2:14, 18), onwettige seksuele *gedagtes* (Job 31:1, Spreuke 6:25) en onwettige seksuele *woorde* (Efesiërs 5:3-5). Dit gaan oor alle vorme van onwettige seksuele *gedrag*, soos pornografie, masturbasie, vryery (die liggaam aanraak/streel met die doel om seksuele begeertes in 'n persoon, waarmee jy nie getroud is nie, te stimuleer) (Spreuke 5:15-21; 1 Tessalonisense 4:1-8), seks voor die huwelik (Deuteronomium 22:21, 23-24; Hebreërs 13:4), prostitusie (Spreuke 5:7-13), homoseksualiteit (Levitikus 18:20; 20:13;

² Grieks: poiei auten moicheuthenai (indefinitief, aoristus, passief)

Romeine 1:21-27), met 'n dier geslagsgemeenskap hê (Levitikus 19:23; 20:15), pedofilie, verkragting (Deuteronomium 22:25), ens.

Lees 1 Korintiërs 6:10-11.

Ons kan nie sê dat “God mense aan mekaar gee, ook nie in ’n homoseksuele verhouding nie” (wat in die Bybel deur God verbode word). *Dit is mense wat hulle aan mekaar gee* in ’n homoseksuele/lesbiese verhouding! *God gee* twee mense van teenoorgestelde geslag aan mekaar: “die christelike huwelik” is dus alleen wanneer God één Christen man met één Christen vrou in die huwelik verbind (Genesis 2:24; Matteus 19:1-12; Efesiërs 5:31-32; 1 Tessalonisense 4:1-8). *God waarsku* dat “mense wat (ongegag hul aard) deurgaans die volgende verbode dinge te doen/praktiseer (hul daaraan oor te gee, toegee), die koninkryk van God nie sal beërf nie (Grieks woordenboek³): onsedelikes⁴, egbrekers⁵, mense wat homoseksualiteit beoefen (Nederlands HSV: schandknappen⁶, *manne* wat met manne seks bedryf⁷). En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die naam van die Here Jesus Christus, en deur die Gees van ons God”. Dit is wat God wil hê: bekering en heiliging.

Lees Matteus 5:32; Markus 10:11-12; Hebreërs 13:4).

Seksuele immoraliteit sluit elke vorm van seksgeoriënteerde daad in voordat mens getroud is, veral ontug; dit is die daad van seksuele gemeenskap vóór die huwelikssluiting plaasgevind het. EN dit sluit ook alle onwettige skelm verhoudings met die teenoorgestelde geslag nadat mens getroud is in, veral owerspel (Grieks: moicheia) (dit is die daad van seksuele gemeenskap met iemand wat nie jou huweliksmaat/eggenoot is nie). Kortliks saamgevat verbied die Bybel seksuele gemeenskap met enige persoon behalwe met jou wettige huweliksmaat (van die teenoorgestelde geslag)! Hebreërs 13:4 sê: “Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word. Wees in die huwelikslewe getrou aan mekaar, want ontugtiges (Grieks: pornos) en egbrekers (Grieks: moichos) sal onder die oordeel van God kom.”

Die verskil tussen owerspel en seksuele immoraliteit is die volgende: ‘Owerspel’ (Grieks: moicheia) is maar één aspek van ‘seksuele immoraliteit’ (Grieks: porneia) en dit verwys na allerlei soorte van seksuele gedrag wat die heilige huweliksverbintenis verbreek. Owerspel is elke vorm van seks met die man of vrou van iemand anders. Owerspel is die onwettige inmenging in die huwelik van iemand anders, elke vorm van flirtasie met die vrou van iemand anders. Owerspel is die seksuele daad met ’n ander getroude persoon of met iemand buite jou eie huwelik. Owerspel is om skuldig te wees aan ’n egskedding. Owerspel is om terselfdertyd met meer as één vrou (poligamie) of terselfdertyd met meer as één man (poliandrie) getroud te wees. En owerspel is om ’n skelmpie of ’n byvrou te hê. Dus soos die woord ‘seksuele immoraliteit’ spesifiek verwys na alle vorme van seksverwante daad voordat ’n persoon getroud is, verwys die woord ‘owerspel’ spesifiek na alle vorme van seksverwante daad buite iemand se huwelik.

Natuurlik is die seksuele verlange in sigself nie sondig nie. Dit is ’n verlange wat deur God gegee is, maar dit moet beheer word binne die grense wat God daarvoor ingestel het. Dis ook waar dat as gevolg van die sondeval van die mensheid, ook die seksuele verlange ontaard in ’n wellustige verlange (2 Petrus 2:14, 18; 1 Petrus 2:11). Al is seksuele verlange, soos vry en die seksuele daad binne ’n huweliksverhouding nie sondig is nie, is dit wel sondig vóór en buite die huweliksverhouding, omdat dit op hierdie manier die doel van God mis en dikwels mense tot sonde verlei (Jakobus 4:17; Matteus 18:7-9).

(2) In geestelike sin beteken die woord ‘porneia’ elke vorm van onwettige geestelik-verwante daad.

Lees Jeremia 3:6-10; Esegïel 16:1-63, 23:1-49.

Onderrig. Owerspel (Grieks: moicheia) sluit elke vorm van geestelik-verwante daad wat God as onwettig beskou. Dit sluit elke vorm van godsdien anders as dit wat aan ons in die Bybel geopenbaar is. Geestelike immoraliteit of onwettige godsdien begin met ’n wegbeweeg van die God wat Homself in die Bybel geopenbaar het. Alle godsdienste naas die aanbidding van die God wat Homself in die profete in die Ou Testament en in Jesus Christus geopenbaar het, is dus godsdienstig immoreel. Alle aanbidding of verering van afgode (beelde van Boeddha en Nataraja, die Hindoegod van die dans) is godsdienstige immoraliteit. Tempelprostitusie behoort tot godsdienstige immoraliteit; ook alle vorme van okkultisme, al die verkeerde onderrig wat indruis téén dít wat die Bybelse leer en alle daad van geweld in die naam van godsdien, soos om jouself te kerf met swaarde en spiese (1 Konings 18:28) of godsdienstige ekstremisme soos in terrorisme. God het die christelike huwelik bedoel as verkondiging en beeld van die verhouding tussen Christus en die Gemeente (Efesiërs 5:22-33). Daarom is geweld binne ’n huwelik geestelik immoreel! ’n Huwelik wat op die rotse beland vanweë geweld moet beskou word as ‘owerspel’, as ontrouheid teenoor iemand se huweliksmaat. Daarom is geweld binne ’n godsdien (godsdienstige ekstremisme en terrorisme) ook geestelik immoreel! Mense word soos die god wat hulle aanbid (Psalm 115:8). Dus, godsdienstige ekstremisme wat lieg en moor wys dat die god wat hulle aanbid ’n leuenaar en ’n moordenaar is (zie Johannes 8:44).

Dit was afgodery en godsdienstige ontrou teenoor God wat daartoe gelei het dat God eers vir Israel en later vir Judea gestraf het met ballingskap na ander lande toe (Assirië en Babilon).

³ A Greek-English Lexicon of the New Testament, Bauer, Arndt, Gingrich

⁴ pornoi “’n mens wat seksuele immoraliteit praktiseer”

⁵ moichoi “egbreker”

⁶ malakoi “manne of seuns wat toelaat om hulleself op homoseksuele gebied te laat misbruik”

⁷ arsenokoitai “’n mannelike homoseksueel, pederas, iemand wat sodomie bedryf”

(3) Gevolgtrekking oor die onderrig van Jesus Christus aangaande huweliksontrou.

Lees Hebreërs 13:4; Openbaring 21:8.

Onderrig. ‘Huweliksontrou’ bring seksuele immoraliteit en godsdienstige immoraliteit met dit saam.

- Tot seksuele immoraliteit behoort elke vorm van onvanpaste en onwettige seksuele gedrag.
- Tot godsdienstige immoraliteit behoort elke vorm van afgodery, okkultisme, verkeerde godsdienstige onderrig (valse leerstellings verkondig of glo) en die gebruik van geweld binne die huwelik of binne die godsdienst (bv. uitbreiding van ’n godsdienst d.m.v. dreigemente en die swaard).

As ’n christelike huweliksmaat seksuele immoraliteit of geestelike immoraliteit bedryf, word die onskuldige huweliksmaat *nie beveel* om te skei nie, maar dit word aan hom *toegestaan* om van die skuldige huweliksmaat te skei. God haat egskedding, maar Hy is ook barmhartig en laat nie toe dat die onskuldige maat ’n slagoffer word in seksuele immoraliteit, geestelike immoraliteit of onmenslike geweld nie. Gebaseer op hierdie betekenis van die woord ‘huweliksontrou’ gee Jesus Christus wel aan ’n Christen toestemming om te skei, wanneer sy of haar huweliksmaat skuldig is aan *seksuele of geestelike immoraliteit (insluitend geweld)*.

Die gevolgtrekking is dat die Bybel baie duidelik leer dat die enigste wettige seks slegs mag plaasvind met jou één en enigste huweliksmaat en dan slegs nádat julle getroud is. Die Bybel waarsku dat God die seksueel immorele mens en die mens wat owerspel pleeg, sal oordeel!

Op dieselfde manier is die enigste wettige godsdienst in die wêreld die aanbidding van die God wat Homself geopenbaar het in die Here Jesus Christus, soos dit voorspel is deur die Ou-Testamentiese profete (Jesaja 43:10-11) en deur die Nuwe-Testamentiese apostels bevestig is (Handelinge 4:12).

4. Wanneer egskedding ’n vrou tot ’owerspelige’ maak.

Lees Matteus 5:32a.

Vraag. Wat beteken die woorde “Elkeen wat van sy vrou skei behalwe oor owerspel, maak dat sy egbreuk pleeg”?

Onderrig.

(1) Vertaling van Matteus 5:32.

Die oorspronklike uitdrukking “’n owerspelig word” is geskryf in die lydende vorm van die werkwoord. Matteus 5:32 sou daarom as volg vertaal moet word: “Elkeen wat sy vrou verstoot (wegstuur, skei) om ’n ander rede as hoerery, maak dat sy onder hoerery ly (of: veroorsaak dat aan die pleeg van owerspel blootgestel word). En elkeen wat die verstote (geskeide) vrou trou, pleeg ook owerspel.”⁸ Vroëer is die onskuldige vrou gewoon weggestuur (verstoot), maar teenswoordig gaan die skuldige persoon gewoon weg.

(2) Dis nie die egskeddingsprosedure wat belangrik is nie, maar die rede vir die egskedding.

Ons moet onderskeid maak tussen ‘egskedding’ (Grieks: apolusai) en ‘owerspel’ (Grieks: moicheia), d.w.s. tussen die wegstuur van ’n vrou en die pleeg van ’n seksuele daad met iemand wat nie jou wettige huweliksmaat is nie. Die Jode in Jesus se tyd het net gedink aan die korrekte egskeddingsprosedure en nie aan die huweliksinstelling en huweliksvoorskrifte van God nie. Hulle het geredeneer dat as ’n man sy vrou weggestuur het met ’n egskeddingsbrief, die huweliksband dan ontbind was en die man dan vry was om met ’n ander vrou te trou (of om seks met haar te hê). Jesus het hierdie Joodse egskeddingsprosedure verwerp en het opnuut die onskendbaarheid van God se huweliksinstelling bevestig!

(3) Die onskuldige huweliksmaat ly onder die owerspel van die skuldige maat en word kwesbaar omdat sy in die verleiding kom om te gou ’n ander verhouding te begin (Jesus noem dit ook “owerspel” in Matteüs).

Die eerste gevolg is dat die onskuldige vrou ly onder die owerspel van haar man. As die vrou geen daad van ontrou in die huwelik gepleeg het nie, maar haar man stuur tog vir haar weg (of hy gaan self weg) om watter rede ookal, dan maak hierdie skeidingsdaad die man tot die skuldige maat (die owerspeler) en die vrou tot die onskuldige maat in hierdie egskedding! Sy ly dan onder die sonde wat haar man pleeg, ly onder verwerping en eensaamheid. Ander mense sou verkeerde opvattinge oor haar kon hê en oor haar skeiding en (gevolglik) geen medelye toon nie.

Maar sy kom ook in die verleiding om self owerspel te pleeg deur ’n affêre te hê, saam met ’n ander te gaan saam woon of selfs ’n volgende huwelik aan te gaan. Sy kan te vinnig van haar kant die huweliksband verbreek en haarself in ’n volgende huwelik stort sonder dat die juiste gesagsinstellings (bv. die gemeente) die saak goed afgehandel het. Onder dergelike omstandighede is nie alleen die man, maar ook die vrou skuldig aan die pleeg van owerspel. Jesus erken nie haar verwerping deur die ontvangs van ’n skeibrief van haar eerste man as ’n wettelike egskedding nie, omdat daar geen ontrou in daardie huwelik plaasgevind het nie. Jesus erken ook nie die tweede huwelik van die vrou aan haar tweede man as ’n wettige huwelik sonder die wettelike uitspraak van die gemagtigde owerhede nie, omdat daar geen wettelike egskedding plaasgevind het nie. Niettemin, moet die man die hoofverantwoordelikheid en hoofskuld dra as sy vrou in haar verlate toestand meteen toegee aan die versoeking om weer met iemand te trou. Deur haar weg te stuur het hy haar

⁸ Bauer, Arndt Gingrich: Of the women (Matthew 5:32a): (Grieks: poiei autén moicheuthénai) (infinitief, aoristus tyd, middel of lydende vorm: “causes her to commit adultery (if she contracts a new marriage)”.

Of: the man (Matthew 5:32b) (Grieks: aantonnende wijs, tegenwoordige tijd, middel): “commits adultery when he marries a divorced woman”.

nie beskerm teen 'n affêre, ens. nie. Hy is die meeste skuldig, omdat hy haar in 'n situasie gebring het waar sy owerspel pleeg.

(4) Nie net 'n man nie, maar ook 'n vrou mag om wettige redes skei.

Die gedeelte uit Matteus 5:31-32 is gebaseer op *die man*. Jesus praat teen die tipiese Joodse agtergrond waar tradisioneel net die man die reg het om op onwettige wyse van sy vrou te skei deur haar eenvoudig net 'n egskedingsbrief te gee. Jesus leer wat die man wettelik mag doen wanneer sy vrou 'n daad van ontrou in die huwelik pleeg en Hy leer wat die man nie mag doen nis as sy vrou geen daad van ontrou in die huwelik pleeg nie.

Maar Jesus gee nie onderrig oor wat *die vrou* mag of moet doen as haar man 'n daad van huweliksontrou pleeg nie. Matteus het vernaamlik sy evangelie gerig tot die Jode onder wie die wegstuur van 'n vrou deur haar man vir een of ander nietige rede algemeen bekend was. Maar in Markus 10:11-12 skryf Markus aan die nie-Jode (heidene) en in sy evangelie is dit duidelik dat wat Jesus sê oor die manne Hy ook oor die vroue sê.

- Teenoor manne: “Elkeen wat van sy vrou skei en met 'n ander een trou, pleeg egbreuk teen sy vrou” (Grieks: moichatai epi autén) (indikatief, teenwoordige tyd, middel vorm) (deur die verhouding te verbreek en en 'n volgende verhouding te begin).
 - Teenoor vroue: “En as 'n vrou van haar man skei en met 'n ander een trou, pleeg sy egbreuk” (Grieks: moichatai) (indikatief, teenwoordige tyd, middel vorm) (deur die verhouding te verbreek en 'n volgende verhouding te begin).
- Daarom is dit wat Matteus leer oor die man netso geldig vir die vrou! En daarom is dit ook vir die vrou toelaatbaar om wettig van haar man te skei as *hy* 'n daad van huweliksontrou pleeg.

5. Wanneer hertrou 'owerspel' word.

Lees Matteus 5:32b.

Vraag. Wat beteken die woorde “en iemand wat met die geskeide vrou trou, pleeg ook egbreuk”?

Onderrig.

(1) Jesus beskou 'n oorhaastige huwelik na 'n onwettige skeiding as egbreuk.

As Jesus sê: “En iemand wat met die geskeide vrou trou, pleeg ook egbreuk” (Grieks: moichatai), bedoel Hy nie dat hulle *nooit* kan of mag hertrou nie. As dit die betekenis sou wees, dan sou Jesus die onskuldige persoon straf vir die sonde van die skuldige persoon. In Matteus 5:31-32 praat Jesus n.a.v. Deuteronomium 24:1-4 en in daardie gedeelte is dit duidelik dat die onskuldige vrou, wat op 'n onwettige manier deur haar man verlaat word (geskei word), uiteindelik weer wettig mag trou.

As 'n skuldige man van sy onskuldige vrou geskei het, dan sou ander ongetroude mans haar genoeg tyd en kans moet gee om haar skuldige man nog 'n kans te gee om sy fout te herstel en hom met haar te versoen. 'n Ander ongetroude man mag nie oorhaastig met die onskuldige, maar verlate vrou trou nie. As hy dit wel doen, dan raak hy betrokke by 'n onwettig-geskeide huwelik en dus in owerspel met 'n vrou wat nog nie wettiglik geskei is nie en wat hy nie so oorhaastig mee moes trou nie. Matteus 5:32b beteken dat 'n ander man *nie onmiddellik* oorhaastig met haar moet trou nie en dat sy *nie onmiddellik* oorhaastig mag toegee aan die verleiding om met hierdie man te trou nie. Die rede hiervoor is dat die skuldige (eerste) eggenoot, wat haar weggestuur het vir 'n onwettige rede, nog berou kan toon en dat hy dus tyd en die geleentheid moet kry om sy sonde van owerspel (onwettige egskedings) te herstel en hom te versoen met sy (eerste) vrou. Jesus sê nie spesifiek hoeveel tyd en hoeveel geleentheid dit sou moes wees nie. Hy gaan nie verder op die punt in nie.

(2) Jesus het nie alles onderrig aangaande egskedings en hertrou nie.

Die feit dat die hele gedeelte gebaseer is op wat *die eggenoot* of *die ander man* wel of nie mag doen nie en nie op wat *die vrou* wel of nie mag nie, laat ons sien dat Jesus nie bedoel het om alles te leer aangaande egskedings en hertrou in die Bybelgedeelte nie. In 'n ander Bybelgedeelte (1 Korintiërs 7) wei die apostel Paulus verder oor die onderwerp van huwelik en egskedings uit. Jesus tree op teen die verbroekelde huweliksmoraal wat destyds onder die Jode geheers het. Hy reageer veral teen die gemak waarmee Joodse mans geneig was om van hulle vrouens te skei. Hy ontmoedig egskedings, weêrlê die Joodse verkeerde uitleg van die wette uit die Ou Testament, beklemtoon die ware betekenis van die wet (Matteus 5:17-18), berispe die skuldige party, verdedig die onskuldige party en deur alles heen het Hy die heiligheid en onaantasbaarheid van die huweliksband hoog gehou net soos dit oorspronklik deur God ingestel is (Matteus 5:31-32, 19:3-6)!

C. DIE ONDERRIG VAN JESUS CHRISTUS AANGAANDE EGSKEIDING SOOS DIT IN DIE CHRISTELIKE KERK DEUR PAULUS TOEGEPAS IS

Inleiding. Toe die Christene die evangelie in ander nie-Joodse (heidense) lande begin verkondig het, het hulle te doen gekry met nuwe probleme ten opsigte van egskedings en hertrou. In hierdie sendingssituasie is “n gemengde huwelik” ’n huwelik waarin net die man of net die vrou Christen geword het *ná* hulle huwelikssluiting. Die Korintiërs wou weet of die christelike huweliksmaat moes skei van sy of haar nie-gelowige huweliksmaat of nie. Daarom gee die apostel Paulus onder leiding van die Heilige Gees (1 Korintiërs 7:40) nog meer riglyne vir skei en hertrou. Hy leer dat Christene 'n egskedings mag toelaat op grond van geestelike onverenigbaarheid, wat beteken, disharmonie in die huwelik as gevolg van die feit dat één persoon nie 'n Christen is nie, of nie 'n Christen wil word nie (1 Korintiërs 7:12-16).

1. 'n Gemengde huwelik waarin die ongelowige maat instem om te bly saamleef met die gelowige huweliksmaat.

Ontdek en bespreek. Wat sou daar moet gebeur in 'n gemengde huwelik waarin die ongelowige huweliksmaat instem om te bly saamleef met die gelowige huweliksmaat?

Lees 1 Korintiërs 7:12-14.

Aantekeninge. Klem moet gelê word op die feit dat die apostel Paulus duidelik leer dat 'n Christen nie met 'n ongelowige of met 'n gelowige van 'n ander godsdienst mag trou nie (Deuteronomium 7:3-4; 1 Korintiërs 7:39; 2 Korintiërs 6:14-7:1).

Maar sommige mense het eers Christen geword nadat hulle alreeds getroud was met 'n nie-gelowige. In 1 Korintiërs 7:12-14 praat die apostel Paulus oor trou en skei in só 'n geval. As *die nie-christelike maat bereid is* om getroud te bly met die christelike huweliksmaat, dan mag die christelike maat nie skei van sy nie-christelike maat nie! Dit is belangrik vir God dat die huwelik voortgaan, omdat die ongelowige maat en die kinders in daardie huwelik geheilig is deur die hegte verhouding met die gelowige huweliksmaat. 'Geheilig'(AOV) beteken nie 'heilig' in Christus voor God soos in 1 Korintiërs 1:30 nie, want die vorm van heiligheid kan nie opgelê word op 'n ongelowige nie. Dit beteken eerder 'eenkant gesit' (afgesonder) in die sin dat hy en sy kinders hulle nie langer tuis voel tussen 'n groep ongelowiges nie. Deur die gelowige maat is hulle verbind met die christelike gemeenskap (gemeente) van gelowiges en word beïnvloed deur die christelike gemeenskap (gemeente). In so 'n huwelik word die kinders opgevoed binne die christelike gemeenskap (gemeente).

2. 'n Gemengde huwelik waarin die ongelowige maat nie instem om by die gelowige huweliksmaat te bly nie.

Ontdek en bespreek. Wat sou moet gebeur in 'n gemengde huwelik waarin die ongelowige maat nie instem om verder saam te wil leef met die gelowige maat nie?

Lees 1 Korintiërs 7:15-16.

Aantekeninge. In die geval van 'n gemengde huwelik waarin die ongelowige maat nie instem om verder saam met die gelowige maat te bly leef nie, mag daar 'n egskeiding toegestaan word. As die nie-Christen nie verder in die huwelik met die Christen wil bly nie, dan sou die Christen die nie-Christen moet toelaat om van hom of haar te skei. 1 Korintiërs 7:15-16 sê: "Maar as die ongelowige wil skei, laat hom skei. In sulke gevalle is die broeder of suster nie gebonde nie. Maar God het ons tot vrede geroep." Die gedeelte sê letterlik: "As die ongelowige weggaan en homself/haarself (van sy maat) skei, laat hom/haar weggaan en skei. Die gelowige broer of suster is in die geval nie as 'n slaaf (aan hierdie huwelik) gebind nie." Die nie-Christen is geheel en al verantwoordelik vir die egskeiding en nie die Christen nie. Die Christen het geen verpligting om die vertrek of die egskeiding van die nie-Christen te voorkom nie.

Die rede waarom die Christen die nie-Christen moet toelaat om van hom of haar te skei, is dat God Christene geroep het om in vrede te leef. Die betekenis van 'vrede' is hier nie die afwesigheid van huislike probleme en bakleiery nie. Die vrede waartoe God Christene geroep het, is die resultaat van verlossing (1 Korintiërs 1:2) en lei tot vrede (herstelde verhouding) met die God van die Bybel en vrede (herstelde verhouding) met mense. Die versteuring of bedreiging van hierdie vrede word geestelike onverenigbaarheid genoem. Hierdie vrede sou byvoorbeeld versteur kon word as die gelowige huweliksmaat aktief deel wil wees van die christelike kerk of wanneer die gelowige huweliksmaat sy of haar kinders wil opvoed volgens die christelike leer, maar die ongelowige huweliksmaat verset hom/haar hierteen met verbale of fisiese geweld. As hierdie vrede dus versteur of bedreig word as gevolg van die feit dat die nie-Christen nie wil saamleef met die Christen nie, dan sou 'n egskeiding toegestaan moet word. As die nie-Christen wil skei, dan sou die Christen die egskeiding *nie moet voorkom (of weier) nie, maar toestaan.*

As die nie-Christen nie wil skei nie, dan word die Christen egter nie toegelaat om te skei nie. Van die Christen se kant af is daar dan nog altyd 'n kans om die nie-Christen vir Christus te wen. Maar in die geval van 'n nie-Christen wat nie wil skei nie, maar nogtans voortgaan met die slegte behandeling van die Christen huweliksmaat of die kinders, is dit wel toelaatbaar vir die Christen om van die nie-Christelike maat te skei op grond van *geestelike immoraliteit*, waartoe ook gewelddadige optredes behoort, en op grond van *geestelike onverenigbaarheid* wat die vrede met God en met ander mense versteur. Die owerheid of die kerklike beheerliggame sal dikwels besluit om die huwelik nietig te verklaar en in daardie geval sou die Christen die egskeiding nie moet keer nie.

D. DIE ONDERRIG UIT DIE OU TESTAMENT AANGAANDE EGSKEIDING DEUR PETRUS TOEGEPAS IN DIE NUWE TESTAMENT.

Die manier waarop 'n man sy vrou behandel, het 'n enorme effek op sy verhouding met God en sy gebede! Maleagi 2:13-15 sê dat as iemand ontrou is teenoor die vrou van sy jeug (sy huweliksmaat), dat God dan nie langer aandag sal gee aan sy gebede wat gemeng is met tranes of aan sy offers nie!

In 1 Petrus 3:7 sê die apostel Petrus:, "Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder" As 'n man rof met sy vrou omgaan en haar nie respekteer nie, dan sal God op dieselfde rowwe manier sy gebede afwys! Dis 'n ernstige waarskuwing vir alle mans wat geweld gebruik om hulle wil in hulle huwelik te laat geld.

Dit is egter ook 'n waarskuwing wat gerig is tot alle vrouens wat hulle vlymskerp tonge gebruik om hulle mans leed aan te doen (bv 1 Petrus 5:1-6). Die gedrag en houdings binne die huweliksverhouding het 'n groot invloed op die feit of God gebede hoor, of nie.

E. VERANDERING EN HERSTEL, HERTROU EN LEIERSKAP NA 'N EGSKEIDING

1. Verandering en herstel na 'n egskeiding.

Inleiding. Al is owerspel en egskeiding groot sondes, is die evangelie kragtig genoeg om die lewens van die mense wat owerspel gepleeg het of wat skuldig is aan 'n onwettige egskeiding, te verander.

(1) Opregte berou lei tot vergifnis.

Lees Spreuke 28:13; Handeling 13:38-39; 1 Johannes 1:9; Matteus 4:5-7.

Ontdek en bespreek. Wat moet iemand doen as hy hom skuldig gemaak het aan owerspel of 'n onwettige egskeiding?

Aantekeninge. Elkeen wat opreg berou het oor sy sonde, hom bekeer en sy lewe verander, ontvang vergifnis en verandering. God het genade vir die berouvolle sondaar. Hy sal vergewe en lewens radikaal verander deur bekering en heiliging.

Maar 'n Christen mag nie misbruik maak van God se genade, deur eers doelbewus van sy huweliksmaat te skei en daarna te probeer om God se vergifnis te ontvang nie. So'n daad sou daarop kon neerkom om God te versoek!

(2) Hoe Jesus omgegaan het met mense wat in owerspel geleef het.

Lees Lukas 7:36-50; Johannes 4:16-19, 8:1-11.

Ontdek en bespreek. Wat leer die voorbeelde van Jesus ons om in die geval van owerspel of onwettige egskeiding, te doen?

Aantekeninge. God het van Dawid gesê: “Ek het in Dawid seun van Isai 'n man na my hart gevind. Hy sal al my opdragte uitvoer.” (Handeling 13:22). Toe Dawid later owerspel en moord gepleeg het (2 Samuel 11 en 12; Psalm 51) het Dawid berou getoon en tot inkeer gekom.

Jesus het gekom om dié wat verlore is, te soek en te red (Lukas 5:31-32; 19:10). Hierdie mense sluit ook dié in wat in owerspel leef. Jesus het nie die vrou wat 'n sondige lewe in die stad gelei het, veroordeel of gestraf nie, maar haar al haar sondes vergewe (Lukas 7). Jesus het nie die Samaritaanse vrou wat in owerspel geleef het, veroordeel nie. In plaas daarvan het Hy Homself geopenbaar as die Redder en haar lewe is totaal verander (Johannes 4). Jesus het ook nie die vrou wat betrap is op owerspel, veroordeel nie. In plaas daarvan waarsku Hy haar om haar sondige leefwyse te laat staan (Johannes 8)!

(3) As God in die Bybel owerspeliges kon verander, dan kan Hy hulle vandag ook verander.

Lees 1 Korintiërs 5:1-13; 6:9-11; 7:11; 2 Korintiërs 2:5-11.

Ontdek en bespreek. Wat is die krag van die evangelie van Jesus Christus met betrekking tot alle vorme van seksuele immoraliteit?

Aantekeninge. Die evangelie van Jesus Christus het die krag om seksueel immorele mense, owerspelige en onwettig geskeide mense te verander! In 1 Korintiërs 5:1-13 lees ons hoe korrup en ontaard die mense van Korinte was.

En in 1 Korintiërs 6:9-11 lees ons God se oordeel oor alle vorme van seksuele immoraliteit. Daar staan: “Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen sal deel kry aan die koninkryk van God nie.”

Maar die apostel Paulus sê ook dat mense wat só geleef het, gered en volkome verander kon word! Hy skryf: “En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God.”

Daarom, al moet die ouderlinge van die gemeente mense wat owerspel en onwettige egskeiding onder Christene pleeg onder tug plaas (bestraf) (1 Korintiërs 5:1-8), moet hulle hul ook ten doel stel dat die oortreder berou toon en dat sy lewe sal verander (2 Korintiërs 2:5-11)!

Alle mense het gesondig. Alle mense het die genade van God nodig om gered en verander te word. Mense wat owerspel gepleeg het of geskei is en wat daarna opreg vergifnis gevra het, sal ook van God genade ontvang om vergewe te word en verander te word (1 Johannes 1:8-2:2).

As geneen van die twee geskeides weer getrou het nie, dan sou hy of sy weer moet probeer om met die vorige huweliksmaat versoen te word en probeer om hulle vroeëre huwelik te herstel (1 Korintiërs 7:11).

2. Hertrou na 'n egskeiding.

Inleiding. Hertrou na 'n skeiding is 'n moeilike onderwerp by baie Christene. Opregte christelike leiers verskil in hulle interpretasie van Bybelgedeeltes wat oor egskeiding praat. Maar alle Christene moet dit wat die Bybel hieroor skryf oorweeg en die ouderlinge van 'n gemeente moet die uiteindelijke besluit neem oor wat daar in hulle gemeente moet gebeur. Die Bybel leer die volgende twee belangrike beginsels oor hertrou na 'n egskeiding.

(1) Onderrig vir die skuldige persoon na 'n egskeiding.

Lees Markus 10:11-12; 1 Korintiërs 7:10-11.

Ontdek en bespreek. Wat sou *die skuldige maat* in 'n egskeiding moet doen?

Aantekeninge. In die meeste huwelike is beide huweliksmaats in 'n egskeiding in 'n mindere of meerdere mate skuldig aan die feit dat hulle huwelik op 'n egskeiding uitgeloop het. Miskien het hulle mekaar nie goed genoeg leer ken vóór hulle huwelik nie en was hulle te haastig om te trou. Miskien was die een nie seker of die andereen wel werklik 'n Christen was nie. Miskien was hulle te besig gewees met die gewone dinge van die wêreld om nog voldoende tyd en aandag aan hulle huwelik en gesin te gee. Miskien het hulle niks gedoen om hulle huweliksverhouding op te bou nie of het hulle nie hulle konflikte op 'n Bybelse manier opgelos nie. Dis noodsaaklik dat beide partye hulle berou opreg teenoor die ander maat toon.

Maar beide Jesus en Paulus praat oor egskeiding by onwettige redes. Die skuldige maat in 'n egskeiding moet hom versoen met sy oorspronklike huweliksmaat of ongetroud bly.

Dis goed en aanbevelenswaardig om te trou (1 Korintiërs 7:1-7). Maar om getroud te bly is sekerlik 'n gebod (opdrag/bevel) van die Here Jesus Christus en nie maar net goed of aanbevelenswaardig nie (1 Korintiërs 7:10-11)! Terwyl die apostel Paulus mense *nog aanraai* om alleen te bly of in bepaalde omstandighede te trou, *beveel* die Here Jesus Christus getroude Christene om getroud te bly!

Jesus het gesê: “Elkeen wat van sy vrou skei en met 'n ander een trou, pleeg egbreuk teen sy vrou. En as 'n vrou van haar man skei en met 'n ander een trou, pleeg sy egbreuk” (Markus 10:11-12). Vir Jesus gaan dit hier oor *die skuldige maat wat om 'n onwettige rede van sy of haar huweliksmaat geskei het en vervolgens met 'n ander vrou of man getrou het. Omdat Jesus nie 'n onwettige egskeiding erken nie, erken Hy ook nie die onwettige hertroue daarna nie! Hy beskou onwettige egskeiding en onwettige hertroue as 'owerspel'*. Die apostel Paulus waarsku dat 'n owerspelige mens wat geen berou toon nie, nie die Koninkryk van God kan beërwe nie (1 Korintiërs 6:9-11).

In die evangelie van Markus rig Jesus Hom tot die Joodse situasie, waar dit meestal die geval is dat die mans van hulle vrouens skei. In 1 Korintiërs rig Paulus hom tot die heidense (nie-Joodse) situasie, waar vrouens meer geëmansipeerd was en dikwels van hulle eggenote geskei het! Tog is in beide gevalle alles wat gesê is oor mans of vrouens ook vir die ander geslag geldig.

Na 'n *bewuste onwettige egskeiding* deur 'n christelike huweliksmaat, is die betrokke huwelik egter nie voor God ontbind nie. Die skuldige huweliksmaat mag nie hertrou nie, maar moet stappe probeer neem om hom/haar te versoen met sy/haar onskuldige huweliksmaat. As hy of sy egter nie wil versoen met sy onskuldige huweliksmaat, dan moet hy of sy voortaan ongetroud bly.

Die gedeelte wei egter niet verder uit oor wat daar moet gebeur as die skade van die egskeiding nie meer herstel kan word nie, d.w.s., wanneer die onskuldige huweliksmaat alreeds hertrou is teen die tyd dat die skuldige huweliksmaat berou toon oor sy/haar egskeiding. Sommige christelike leiers beveel aan dat *die skuldige persoon* nooit meer mag trou nie. Hulle beklemtoon die straf en glo dat die skuldige huweliksmaat die gevolge van sy of haar sondige gedrag self moet dra.

Ander christelike leiers sê dat 'n *persoon wat owerspel gepleeg het en wat daarna berou toon* wel weer mag trou. Hulle beklemtoon dat God genadig is. God sal 'n persoon wat owerspel gepleeg het en berou toon, vergewe en sy sonde nie meer in herinnering bring nie (Lukas 7:47-50, 1 Korintiërs 5:9-11, Hebreërs 8:12).

Buitendien leer 1 Korintiërs 7:9 dat dit beter is om te trou as om *van begeerte te brand*. Hierdie beginsel is sekerlik ook van toepassing op die voorheen skuldige party, maar wat nou 'n berouvolle owerspelige mens is wat God vergewe het!

(2) Onderrig vir die onskuldige persoon in 'n egskeiding.

Lees 1 Korintiërs 7:39; 1 Korintiërs 7:15; 1 Korintiërs 7:9.

Ontdek en bespreek. Wat mag die onskuldige maat in 'n egskeiding doen?

Aantekeninge. Die onskuldige huweliksmaat in 'n egskeiding is nie 'gebind' om vir altyd ongetroud te bly nie!

Die apostel Paulus leer: “ 'n Vrou is aan haar man *gebind* deur die wet (soos 'n slaaf) so lank as hy lewe (Grieks: dedetai) aantoonende wijs, voltooid teenwoordige tyd, lijdende vorm) (1 Korintiërs 7:39). As haar man egter sterf, is sy weer vry om te trou met wie sy wil, mits dit 'n gelowige is.” Hier beteken die woord 'gebind' letterlik *voortdurend deur die wet* gebind aan die huweliksmaat. Net die dood van die huweliksmaat kan die band van die huweliksstaat beëindig en die lewende maat heeltemal vrystel om weer te trou. 1 Korintiërs 7:39 help om 1 Korintiërs 7:15 uit te lê.

Hy leer ook: “As die ongelowige egter wil skei, laat hom skei. In sulke gevalle is die gelowige man of vrou *nie* (soos 'n slaaf) gebind nie” (Grieks: ou dedoulótai) (aantoonende wijs, voltooid teenwoordige tyd, lijdende vorm)” (1 Korintiërs 7:15). Die nie-Christen is verantwoordelik vir die egskeiding en die Christen is nie skuldig nie. Die woord 'nie gebind' beteken letterlik hoef nie voortdurend/vir altyd gebind te bly soos 'n slaaf aan die oorspronklike huweliksstaat nie. Die onskuldige Christen hoef dus nie ongetroud te bly vir die res van sy of haar lewe terwyl hy of sy wag op die skrale moontlikheid dat sy of haar voorheen nie-Christen huweliksmaat, gelowig word en terugkeer na haar of sy vorige huweliksverhouding (Matteus 5:32). Hoeveel tyd die onskuldige Christen huweliksmaat sou moet gee aan die skuldige persoon, word nie gespesifiseer nie. Al met al verklaar egskeiding deur die nie-Christen de huweliksband nietig in God

se oë en is die Christen huweliksmaat geheel en al vry om te hertrou. God beskou die eerste huweliksverhouding nie langer as bindend nie.

Dit stem ooreen met wat Paulus in 1 Korintiërs 7:1-9 skryf. Die onskuldige Christen huweliksmaat het miskien nie die gawe om ongetroud of vir altyd alleen (selibaat) te bly nie en brand miskien van begeerte. Tensy hy of sy weer trou, sou hy of sy verlei kon word deur satan om in seksuele immoraliteit te verval as gevolg van 'n gebrek aan selfbeheersing. In sulke omstandighede is dit beter vir die onskuldige Christen huweliksmaat om weer te trou.

Gevolgtrekking. 1 Korintiërs 7:39 help met die uitlê van 1 Korintiërs 7:15. Wanneer die band (binding) van die huweliksverbinding wettig verwyder is deur:

- die dood van die huweliksmaat
- deur die bewuste egskeiding van 'n nie-Christen
- of deur die huweliksontrou (seksuele of godsdienstige immoraliteit insluitende gewelddadige handeling) van 'n Christen huweliksmaat, dan is die onskuldige Christen huweliksmaat vry om te hertrou!

Die onskuldige huweliksmaat van 'n egskeiding moet egter die skuldige huweliksmaat voldoende tyd gee om berou te toon en die gebroke huweliksverhouding te herstel. Indien die skuldige maat na voldoende tyd steeds weier om berou te toon, dan is die onskuldige huweliksmaat nie verder gebind om ongetroud te bly nie. Nie Jesus óf Paulus is spesifiek oor hoe lank hierdie periode sou moet wees nie (vergelyk ook Hebreërs 4:7-8).

3. Leierskap na 'n egskeiding.

Lees Levitikus 21:7, 14; 1 Timoteus 3:2.

Ontdek en bespreek. Wat leer die Bybel ons oor 'n geskeide persoon in leierskap?

Aantekeninge. Christelike leiers het oor hierdie onderwerp verskillende menings.

(1) 'n Priester in die Ou Testament.

In die tyd van die Ou Testament kon 'n priester nie trou met 'n onskuldige geskeide vrou nie (Levitikus 21:14; Esegël 44:22).

(2) 'n Ouderling in die Nuwe Testament.

In die tyd van die Nuwe Testament is 'n vereiste voorwaarde vir 'n ouderling dat hy “die man van één vrou” moet wees. Hierdie voorwaarde het nie gesê dat 'n ouderling 'n getroude man moet wees nie. 'n Ouderling mag 'n ongetroude man wees. Maar as ongetroude man moet hy wel 'n voorbeeld stel van 'n rein lewe (vergelyk ook 1 Timoteus 5:1-2).

Maar as die ouderling 'n getroude man is, dan mag hy net één vrou hê. Hierdie voorwaarde sê nie dat 'n ouderling nooit vir 'n tweede keer mag trou nie. As sy eerste vrou gesterf het, mag hy hertrou, maar alleen met 'n gelowige (1 Korintiërs 7:39). Ook as getroude man moet hy 'n voorbeeld stel van absolute getrouheid aan sy eie vrou! Hy mag onder geen omstandighede betrokke wees in poligamie nie of in 'n intieme verhouding betrokke wees met 'n ander vrou of byvrou nie. Hy mag op geen enkele manier betrokke wees in owerspel of seksuele immoraliteit nie (wat ook flirtasies met ander vrouens insluit). God verafsku flankeerdery, omdat dit lyk op 'n verhouding en lei tot selfliefde, liefde in 'n onoprege en oneerlike atmosfeer en 'n gebrek aan selfbeheersing (Genesis 3:1-5; 2 Korintiërs 11:1-2; 2 Timoteus 3:1-6).

(3) Leierskap na 'n egskeiding.

Die vraag of 'n voorheen geskeide persoon vir 'n leierskapsposisie aangewys mag word, hang af van die mening van die gemeente oor hertrou na 'n egskeiding. Sommige christelike leiers is van mening dat 'n voorheen geskeide persoon *nooit weer* 'n leierskapsposisie in die gemeente mag beklee nie.

Ander christelike leiers redeneer dat as die man die *onskuldige* slagoffer van 'n egskeiding was en in alle ander opsigte geskik is om 'n leier te word, dan mag hy vir 'n leierskapstaak (kringleier, ouderling, leraar) aangewys word.

Die meeste christelike leiers is egter daarvoor eens dat 'n man wat *skuldig* is aan 'n onwettige egskeiding geen leierskapsposisie mag kry nie.

Desondanks vind sommige christelike leiers dat as 'n persoon *skuldig* was aan 'n onwettige egskeiding maar *al vir baie jare berou getoon het* oor sy sonde en bewys het dat sy lewe verander het, hy dan opnuut 'n leierskapstaak in die gemeente op hom mag neem. Hulle beklemtoon die genade van God teenoor 'n berouvolle owerspelige. “Die oordeel sal onbarmhartig wees oor dié wat nie barmhartigheid betoon nie. Maar barmhartigheid triomfeer oor die oordeel (Jakobus 2:13). Die Bybel sê egter niks oor die kwessie van leierskap na 'n wettige egskeiding nie. Daarom moet die ouderlinge van elke plaaslike gemeente die uiteindelijke besluit oor hierdie kwessie neem en die lede van die gemeente behoort hierdie besluit te respekteer.

5	GEBED (8 minute)	<i>[REAKSIES]</i> GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	------------------	--

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor "Egskeiding en hertrou" saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit 1 Johannes 4 – 5, 2 Johannes en 3 Johannes. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Hersien daagliks die reeks H. "Christelike ouerskap".
 1. Liefhê deur te spaar. 2 Korintiërs 12:14b-15a
 2. Ontwikkel alle terreine. Spreuke 22:6
 3. Leer God se Woord. Deuteronomium 6:6-7
 4. Voed op in die Here. Efesiërs 6:4
 5. Liefhê deur tug. Spreuke 13:24
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Johannes 19. Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.